



## Villa Byvoegmiddel Wenk van die Maand

### DIE TENKMENGSEL BENADERING

Verskillende maatskappye volg verskillende benaderings met byvoegmiddels. Sommige volg die in-drom benadering, waar die byvoegmiddel in die gewasbeskermingsprodukt (GBP) se formulasie ingesluit word, waar ander weer die tenkmengsel benadering volg.

Alhoewel verskeie van Villa se GBP formulasies wel byvoegmiddels bevat, volg ons dikwels die tenkmengsel benadering. Ons glo dat die vermenging van byvoegmiddels in die tenk meer vooras nadele het en dat dit die GBP 'n baie goeie kans op sukses bied.

#### Voordele van die tenkmengsel benadering

Die tenkvermenging van byvoegmiddels gee 'n mens die buigzaamheid om 'n byvoegmiddel vir 'n spesifieke gewas- of plaagsituasie te kies. Sekere Villa GBP etikette mag dus verskillende aanbevelings vir spesifieke gewasse maak, byvoorbeeld wanneer die blare wasagtig is of wanneer die plaag moeilik bereikbaar is.

Byvoegmiddeldosisse kan ook volgens sekere gewassituasies aangepas word, byvoorbeeld indien 'n GBP op 'n rygewas toegedien word mag die persentasie byvoegmiddel heelwat hoër wees as dieselfde GBP wat op 'n boordgewas toegedien word. Die tenkmengsel benadering gee 'n mens dus die geleentheid om die byvoegmiddelaanbeveling per spesifieke situasie aan te pas.

Byvoegmiddeldosisse kan ook vir spesifieke spuitwater situasies aangepas word. Waterbronne is verskillend en dit is belangrik om die waterkondisioneerder se dosis volgens 'n spesifieke situasie te kies. Die in-drom benadering is minder buigzaam en die hoeveelheid byvoegmiddel sal dus wissel soos die dosis van die GBP verander word.

Die buigzaamheid wat met tenkmengsel byvoegmiddels verkry word moet egter natuurlik deur die GBP se etiket gestaaft word.

#### Nadele van tenkmengsel byvoegmiddels

Alhoewel ons dikwels die tenkmengsel benadering verkies, is daar egter sekere nadele daaraan verbonde. Die hoof probleem is dat dit die eindverbruiker die geleentheid gee om die aanbevole byvoegmiddel met 'n ander produk te vervang. Dit is 'n groot bron tot kommer omdat ons baie gevalle beleef het waar dit tot oneffektiwiteit en selfs gewasskade gelei het.

Dit is krities belangrik om by die etiketaanbevole byvoegmiddel en dosis te hou en om nie van hierdie benadering af te wyk nie. Indien die etiketaanbevole byvoegmiddel nie beskikbaar is nie, raadpleeg asseblief jou Villa bemarkingsadviseur vir raad. Die vervanging van die geregistreerde byvoegmiddel met 'n ander produk is 'n baie riskante praktyk en dit moet ten alle koste vermy word.

#### Villa se mening

Villa belê 'n massiewe hoeveelheid hulpbronne om die korrekte byvoegmiddel vir elke GBP aanbeveling te ontwikkel. Ons is vas oortuig daarvan dat die tenkmengsel benadering tot byvoegmiddels die werkbaarste manier is omdat dit ons die buigzaamheid gee om die mees effektiewe aanbeveling vir elke situasie te maak. Dit is belangrik om by die etiketaanbevole byvoegmiddel en dosis te hou, anders kan dit tot oneffektiwiteit en selfs gewasskade lei. Indien daar enige twyfel is, raadpleeg jou Villa bemarkingsadviseur voordat die verkeerde byvoegmiddel gebruik word.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of [bdevilliers@villacrop.co.za](mailto:bdevilliers@villacrop.co.za)